**Stellenbosch** UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

**Engineering**
**EyobuNjineli**
**Ingenieurswese**





engineer@sun.ac.za
021 808 4203
www.su.ac.za/af/fakulteite/ingenieurswese


*Hier's wat jy wil weet*

## Waarom Universiteit Stellenbosch (US) kies?

Vir die besonderse vibe! Omdat die kampus deel van die dorp is, loop jy oral ander studente en vriende raak, die atmosfeer is fantasties, jy kry ongelooflike studente-afslag, en die dorp is klein genoeg dat jy maklik van jou woonplek af na die meeste dele van die kampus kan stap of fietsry.

Hierdie is wat jy vir jou ouers moet sê: Vir die groot leerervaring en omdat die US se ingenieurs-programme van die beste in Suid-Afrika is. Dis geakkrediteer deur die Ingenieursraad van Suid-Afrika en word in meer as 20 lande erken deur die Washington Verdrag, so jy kan moontlik oorsee gaan werk ... (Maar moenie gaan nie, ons het jou hier nodig!)

## Watter vakke het ek nodig om aanvaar te word?

Suiwer Wiskunde en Fisiese Wetenskappe is 'n moet en tel dubbeld in die keuringsformule; vir ander vakvereistes, kyk na die Ingenieurswese Jaarboek op die webwerf.

## Watter punte moet ek hê om aansoek te doen?

**Dis die GROOT vraag!** Daar is 'n keuringsformule wat die punte van die ses beste vakke gebruik (Lewensoriëntering uitgesluit). Daar is vereiste minimum punte wat jy moet hê om oorweeg te kan word, en dan is daar voorgestelde punte wat jou kans op keuring sal verbeter. Mededinging is taai en plekke is beperk, so maak seker dat jy die beste punte moontlik behaal. Jou Graad 11-punte word gebruik vir voorwaardelike toelating wat bevestig word na jou Graad 12-finale uitslae beskikbaar is. Die webwerf sal vir jou die nuutste keuringsformule gee (dit verander van tyd tot tyd).

## Hoe lank duur die BIng?

4 Jaar vir die Baccalaureus in Ingenieurswese-programme. Daarna kan jy verder 'n meesters- of doktorsgraad nagraads doen.

5 jaar indien jy van 'n onderrigbenadeelde omgewing kom; die ekstra jaar sal jou help om die gaping tussen skool en die eerste jaar te oorbrug en jou op spoed te bring. Kyk na die webwerf vir die hierdie verlengde kurrikulum program (VGP).

## In watter taal sal my lesings wees?

'n Afrikaanse opsie is vir die meeste modules in die eerste twee jaar beskikbaar, andersins Engels. Toetse en eksamens is in Afrikaans en Engels beskikbaar, en jy kan in Afrikaans of in Engels antwoord.

## Waar sal ek bly?

Universiteits- en privaatkoshuise is die gewildste keuse vir eerstejaars. Daar is aparte koshuise vir mans en dames en ook gemengde koshuise. Keuring vir 'n universiteitskoshuis word gebaseer op jou punte, so maak seker jy doen jou allerbeste, want dis moeilik om in te kom! Ander opsies is om 'n huis of woonstel te deel, of in 'n tuinwoonstel of 'n kamer in 'n privaat huis te bly. Sien maties.com vir meer inligting oor die verskillende universiteitskoshuise.

## Doen aansoek

### Wanneer maak die aansoeke oop en wanneer sluit dit?

Om op hoogte te bly van die aansoek- en sluitingsdatum, besoek www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads of skandeer hierdie kode:

## Hoe beweeg studente rond op kampus?

Stap of fietsry is die gewildste, en daar is fietsloodse op kampus waar jy jou fiets veilig kan toesluit terwyl jy klasloop. Jy kan 'n fiets van die Universiteit huur, of jou eie bring. Studentebussies volg vasgestelde roetes volgens 'n tydrooster. Of bring 'n motor, maar die verkeer en parkering is 'n uitdaging. (As ingenieur kan jy dalk die probleem vir ons oplos?)

## Wat is 'n Matie?

Daar word nog altyd na studente van Universiteit Stellenbosch as Maties verwys. Jy sal die woord oral teëkom: in die dorp, op die US-webwerf, in die plaaslike koerante en natuurlik, by die Varsity Cup sportkompetisies!

## Wat sal ek studeer?

Alle BIng-eerstejaars neem dieselfde verpligte modules (BIng Data Ingenieurswese uitgesluit), maak nie saak vir watter program jy aansoek doen nie, asook een program-spesifieke module. Omdat almal dieselfde modules doen, kan jy oorskakel na 'n ander program in jou tweede jaar, mits jy al jou eerstejaarmodules slaag. **Maklik!**

In die eerste twee jaar, fokus jy op wiskunde, basiese- en ingenieurswetenskappe; in die 3de en 4de jaar leer jy hoe om jou kennis toe te pas om tegniese probleme op te los en hoe om sakegeleenthede te ontgin. Dis reg, sakegeleenthede. US-ingenieurs maak uitstekende entrepreneurs.

**Hou aan lees om meer uit te vind oor die ses verskillende BIng-programme wat ons aanbied.**

### 1 Bedryfsingenieurswese

Dink aan ingenieurswese wat ontmoet met besigheid en finansies, kunsmatige intelligensie en gevorderde vervaardiging, die internet van dinge en masjienleer, wereldklas gehalte en ondernemings wat oor kontinente strek.

Visit website

### 2 Chemiese Ingenieurswese

Dink aan petroleum en platinum, geurmiddels en kunsmis, antibiotika en asetileen, skoon water en skoon energie, biobrandstof en biomateriale, die internet van dinge en masjienleer (Ja, hier ook!).

Visit website

### 3 Elektriese & Elektroniese Ingenieurswese

Dink aan data, elektronika, robotika, hommeltuie, satelliete, berekeninge in die wolk, die internet van dinge en masjienleer (en hier!), telekommunikasie, radar, antennes, hernubare energie en slim netwerke. Data-ingenieurswese is 'n fokusarea wat by die bestaande voorgraadse graad in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese BIng gevoeg is.

Visit website

### 4 Meganiese Ingenieurswese

Dink aan motors en vragmotors, vliegtuie en skepe, kragstasies en enjins, windturbines en sonkrag, knie-inplantings en nekstutte, die internet van dinge en masjienleer (alweer!).

Visit website

### 5 Megatroniese Ingenieurswese

Dink aan robotte wat motors monteer, outoloodse, meet van submikron eienskappe, robotte wat in operasies ingespan word, die internet van dinge en masjienleer (dis orals!), masjienvisie en die 4de industriële revolusie.

Visit website

### 6 Siviele Ingenieurswese

Dink aan snelweë en verkeersvloei, damme en waterkanale, geboue en brûe, sportstadions en arenas, die internet van dinge en masjienleer (ja, orals!), ontwerp en konstruksie.

Visit website

## Wil jy nóg meer hê?

Stel jy belang in biomediese ingenieurswese, lugvaartingenieurswese, satellietingenieurswese, hernubare energie, bioprosessering, kunsmatige intelligensie, ... ? Doen 'n **meesters-** en **PhD-graad** in een van die dissiplines hierbo of in ingenieursbestuur.